PRESIDENTSVERSLAG

TERMYN 2021 - 2023

INLEIDING

Ek wil graag begin deur te sê dat dit vir my ’n baie groot voorreg en eer was om die afgelope twee jaar te dien as President van Die Dameskring. Soos ek tydens my intreerede in Gqeberha genoem het, was en is ek steeds deeglik bewus van die groot geeste wat voor my hierdie amp gevul het.

Dit is met groot dankbaarheid dat ek verslag lewer oor die doen en late van die afgelope twee jaar.

Dit is nie nuus dat die *COVID*-tydperk ’n groot impak op elke landsburger gehad het nie, wat nog te sê op Die Dameskring. Die voorafgaande drie jaar het die Uitvoerende Bestuur, onder die leiding van Coreen King, noodgedwonge planne in plek gestel om te verseker dat ons organisasie kan voortbestaan. Die Uitvoerende Bestuur van die termyn 2021 – 2023 het hierdie proses voortgesit.

Tydens ’n spanbounaweek in November 2021 in die Heidelberg-distrik het die nuwe UB indringend gekyk na wat, volgens ons, nodig is om DK te vernuwe en tred te hou met die tye. Ons het met jong, dinamiese DK-lede gesels om te hoor wat ons moet aanspreek, want jonger vroue wíl by DK betrokke wees, hulle hét ’n veilige koesterplek nodig - JUIS omdat hulle so besig is om hul beroepe te beoefen, hul gesinne te versorg en ander verpligtinge na te kom. Ook hulle het behoefte daaraan om binne DK versterk, verryk en bemagtig te word. Onder die bekwame leiding van ons fasiliteerder, Magdie de Kock, is daar groot drome gedroom, en planne beraam.

Met die termyntema van LIGVOETS VEERKRAGTIG het ons op ’n pad van vernuwing begin stap met ’n aangepaste narratief om tot die harte van moderne vroue te spreek. Ek was bevoorreg om ’n dinamiese en vreeslose Dagbestuur aan my sy te hê, wat my en die UB elke tree op hierdie pad aangemoedig het.

1. BESTUUR VAN DIE DAMESKRING

1.1 Uitvoerende Bestuur

Ek stel graag die Uitvoerende Bestuur 2021 – 2023 aan u voor:

Gebied 1: Wes Kaap	Ilze Lammers
Gebied 2: Wes-Kaap	Riana Conradie
Gebied 3: Oos-Kaap	Tanya Gerber
Gebied 4: Noord-Kaap	Vakant
Gebied 5: Vrystaat Suid en Sentraal	Karn Botha
Gebied 6: Vrystaat Noord, Oos en Wes	Stephani Venter
Gebied 7: Kwazulu Natal	Stephani Venter
Gebied 8: Mpumalanga	Suzette Villjoen
Gebied 9: Limpopo	Susan le Roux
Gebied 10: Noord-Wes	Vakant
Gebied 11: Gauteng-Noord	Heléne Richter
Gebied 12: Gauteng-Suid	Donsie Kruger
Gebied 13: Oos-Kaap	Marinda Schutte
Gekoöpteerde lid	Karin Stoffberg
Administratiewe Beampte	Karien Snyman

Die Uitvoerende Bestuur is ’n sterspan van ystervroue. Vroue wat mekaar ondersteun, bereid is om by mekaar te leer, wat ongeag hul persoonlike verpligtinge, sommige met voltydse beroepe, DK eerste gestel het. Hulle het lojaal hul talente en gawes na die UB-tafel gebring. Hul toewyding en passie en ondersteuning laat my met groot dankbaarheid.

Elke UB-span het sy eie dinamika. Dit is verstommend hoe hierdie span onmiddellik by mekaar ingehaak het, bereid om hulle gebiede na die beste van hul vermoëns te lei.

Gedurende hierdie termyn was daar twee gebiede vakant – Noord-Kaap en Noord-Wes. My opregte dank aan Donsie Kruger, Karin Stoffberg, Karn Botha en Heléne Richter wat hul hand oor hierdie vooggebiede en -takke gehou het. So ook aan Stephani Venter wat omsien na Kwazulu-Natal. Al is die afstande hoe groot het hierdie UB-lede geen moeite ontsien om geleenthede in hierdie gebiede by te woon en takbesoeke af te lê nie. Dankie ook aan die aanvoorwerk wat julle gedoen het om te verseker dat die UB-span vir die volgende termyn voltallig gaan wees.

1.2 Dagbestuur

Die Dagbestuur vir die termyn 2021 – 2023 het bestaan uit:

Elphi Taljaard	President
Marinda Schutte	Vise-President en Voorsitter van die Granaat- en Opleidingskomitee
Karin Stoffberg	Voorsitter van die Bemarking- en Projekkomitee
Stephani Venter	Voorsitter van die Finansiële en Administratiewe Komitee

My opregte dank aan elkeen van hierdie vroue. Die Dagbestuur het maandeliks aanlyn vergader en sodoende verseker dat momentum behou word met besluite en die uitvoering daarvan.

1.3 Komitees

Die Uitvoerende Bestuur word ingedeel in die onderskeie komitees.

- Die **Granaat- en opleidingskomitee** bestaan uit Heléne Richter, Donsie Kruger en Ilze Lammers, onder leiding van Marinda Schutte.
- Die **Finansiële en Administratiewe komitee**, met Stephani Venter aan die stuur, bestaan uit Suzette Viljoen, Susan le Roux, Karn Botha en Karien Snyman.
- Die **Bemarkings- en Projekkomitee**, onder voorsitterskap van Karin Stoffberg, bestaan uit Riana Conradie en Tanya Gerber.

Hierdie komitees funksioneer baie effektief. Al hul beplanning word tydens UB-vergaderings, wat drie maal per jaar plaasvind, gedoen. Volledige verslae van die voorsitters word as bylaes by hierdie verslag aangeheg.

Die komitees het wonderlike werk verrig. Soos wat die aanbod aan DK-lede uitbrei, vermeerder die komitees se verpligtinge. Asook die aanspraak op elkeen se tyd. Julle het julle onderneming om DK te versterk nagekom sonder om te kla – my opregte dank aan elke lid van elke komitee.

1.4 Vergaderings

Tydens hierdie termyn het die UB einde Januarie 2021 by die FAK Jeugplaas, Udolpho net buite Parys, vergader. Sedertdien vergader die UB in Pretoria aan huis van Karin Stoffberg. Sy en Heléne Richter, Uitvoerende Bestuurslid van Gauteng-Noord, het goedgunstiglik slaapplek vir almal aangebied. Dit het ’n baie groot kostebesparing tot gevolg gehad waaroor ons baie dankbaar is. Karin het ’n lieflike lang stoeptafel waarby ons soms tot diep in die nag vergadering hou.

2. KANTOOR

2.1 Die Dameskring se kantoor is in die Erfenisstigting se gebou op die Voortrekkermonumentterrein. Ons is die FAK diep dankbaar dat hierdie ruimte gratis aan ons verskaf word. So word aan ons ’n kultuurtuiste gebied.

2.2 Ons Administratiewe Beampte, Karien Snyman, regeer die kantoor met ’n ysterhand! Sy is met reg geliefd onder elke UB- en taklid. Geen taak of opdrag of uitdaging is vir Karien te groot nie. Ek het die grootste respek en waardering vir haar deursettingsvermoë en passie vir DK. Dankie dat jy jou lig so helder in die kantoor laat skyn, Karien! Jy is voorwaar ’n staatmaker en ons is baie dankbaar oor die rol wat jy speel.

3. BEMARKING

3.1 Ons organisasie was bevoorreg om gedurende hierdie termyn ’n hele klompie geleenthede te kry ten opsigte van blootstelling en sigbaarheid. Na afloop van elkeen van hierdie geleenthede het DK navraag gekry van vroue wat meer van DK wou weet – van hulle is reeds trotse lede.

- Etlike **radio-onderhoude** is met my gevoer deur
  - Annelise de Jager van Groot FM
  - Mercia Eksteen vir die Kopskuif-program op Kaapse Kansel
  - Tygerberg Radio : Riana Conradie en Elphi Taljaard
  - Digi-TV : Ilze Lammers en Riana Conradie
  - Radio Kansel: Donsie Kruger, Jacqui January en Elphi Taljaard

- ’n **Potgooi-onderhoud** is met Maroela Media gevoer.

- Op ’n **Vrouedagfunksie** (9 Augustus 2022), gereël deur die **FAK,** waartydens Inspirasievrou-toekennings gemaak is, het ek geleentheid gehad om ’n kort toespraak te lewer.

- Twee Vrouedaggeleenthede is in samewerking met die ATR, ATKV en die Atterbury Trust gehou.

    - Op 3 Augustus 2022 is ’n Rondetafelgesprek met die tema *Afrikaans as moedertaal. Wat is die impak?* aangebied. Die gesprekleier was Jacqui January.

    - Op 4 Augustus 2023 is ’n paneelbespreking deur prof. Debra Meyer gelei, met DK se vise-president, Marinda Schutte, Zahn Hulme van die Atterbury Trust, Seymour Bothman van UNISA en Suléne Pilon van UP.

3.2 DK het as wenners weggestap met die **Maroela Media Skryfskool-kompetisie** waar organisasies kon leer om mediaverklarings te skryf. Diegene met meer as vyf inskrywings kon die prys ter waarde van R30 000 wen. Hierdie "prys" het behels dat drie artikels van DK in Maroela Media kon verskyn.

Ons het hierdie geleentheid aangegryp om dit wat DK doen, bekend te stel. My dank aan Marinda Schutte wat hierdie artikels geskryf het. Twee hiervan het reeds verskyn en die laaste een sal in Oktober gepubliseer word.

3.3 Die **sosialemedia-komitee** plaas op ’n deurlopende basis bydraes deur takke. Dameskring-gebeurtenisse word hier geadverteer en inligting rondom belangrike dae, soos Moedertaaldag, word geplaas. Dit is belangrik dat ons voordurend vars inligting en takgebeure met oorspronklike inligting plaas. Karin Stoffberg en haar projekkomitee het voorwaar met vindingryke planne vorendag gekom om die sosialemedia platforms te aktiveer en aan DK blootstelling te gee. Hier verwys ek onder andere na die splinternuwe *Help-die-Tannie*-reeks en die gebruiksvriendelike aanlyn-vasvra-geleenthede. Hieroor meer in die komitee-verslag.

3.4 In ’n moderne, tegnologies-gedrewe era is dit ononderhandelbaar dat Die Dameskring se webblad voortdurend opgedateer sal word. Dit is die gesig van DK. Telkemale wanneer die UB na ’n spreker, kundige op ’n terrein of selfs na ’n moontlike borg uitreik, besoek hulle heel eerste die webblad vir meer inligting. Net so word voornemende en potensiële lede gereeld na die webblad verwys vir eerstehandse DK-inligting.

Ook alle dokumente en vorms is hier tot lede se beskikking. Dit vergemaklik die taak van die administratiewe beampte.

Dankie aan Karin Stoffberg wat toesien dat die webblad modern, toeganklik en baie mooi daar uitsien.

4. DIE GRANAAT

Die Granaat bly die spogproduk van Die Dameskring. Elkeen wat hierdie glanstydskrif in die hand hou, gee positiewe terugvoer. Onder die bekwame redakteurskap van Marinda Schutte het die Granaatkomitee gedurende hierdie termyn telkens ’n pragtige uitgawe die lig laat sien.

Goed nagevorste artikels oor aktuele onderwerpe bied uitstekende gespreksartikel-materiaal vir takke om te gebruik as aanknopingspunte. Temas van die maandelikse sielskosartikels sluit hierby aan. Daar is ook in elke uitgawe ’n Afrikaans-artikel – hetsy lig, of akademies van aard. Baie geluk ook aan die redaksie wat daarin geslaag het om selfs ’n blokkiesraaisel by die aanbod te voeg – dankie aan Jacqui wat die behoefte hieraan uitgelig het.

My opregte dank aan die Afrikaanse Onderwysnetwerk vir hul borgskap die laaste jaar. Onkoste van die laaste drie uitgawes is grootliks hierdeur gedek.

Marinda Schutte se verslag rapporteer oor haar komitee se werksaamhede en verwys ook na die spesiale publikasievennootskap wat daar tussen die Granaat en Maroela Media bestaan.

5. KLITS KLETS

Die elektroniese nuusbrief wat op die 5de van elke maand in DK-lede se e-posbus land, het ’n trotse, nuwe baadjie aan. Groot moeite word maandeliks gedoen met die saamstel hiervan. Die leserstal het drasties verhoog – waaroor ons dankbaar is. Die nuusbrief bevat waardevolle inligting in maklike leesformaat. Elke DK-lid behoort 'n toegewyde Klits Klets-leser te wees!

Dit is ook die platform waarop takke kan spog met hul maandelikse byeenkomste en die projekte waarmee hulle besig is. Laasgenoemde kan weer ander takke inspireer om ook vernuwende aktiwiteite aan te pak.

6. TAK- EN LEDEGETALLE

Ledegetalle bly vir my en die Uitvoerende Bestuur ’n groot bekommernis. Daar is voortdurend nuwe lede wat by Die Dameskring aansluit en ons lees maandeliks met groot opgewondenheid in die Klits Klets hiervan. Daar is egter nog nie ’n opwaartse kurwe in getalle nie.

Die vreugdevure brand steeds hoog oor die stigting van die Potchefstroom Die Akkertak. Mag julle tak ’n spesiale kring vir hartsvriendinne wees, en ons mooiste seënwense vir julle werksaamhede.

Daar berus ’n groot verantwoordelikheid by takke om te verseker dat hulle betyds en voortdurend nuwe lede intrek in hulle geledere. Deur deurlopend jonger lede te betrek kan verhoed word dat die takgetalle geleidelik daal, wat uiteindelik kan lei tot ontbinding van die tak.

Hierdie verantwoordelikheid strek wyer – elke DK-lid dra saam aan die verantwoordelikheid van die voortbestaan van hierdie organisasie. Jou nalatenskap in hierdie verband sal sorg dat Die Dameskring sal kan voortbestaan. Sodoende sal jy verseker dat jou vriendin en jou dogter en háár dogter, ook die geborgenheid tussen hartsvriendinne kan ervaar, sal hulle ook binne 'n veilige ruimte bemagtig kan word om ’n verskil te maak.

Ek wil dieselfde uitdaging rig wat ’n vorige President, Marda Oosthuysen, gedurende haar ampstermyn aan DK-lede gerig het – as elkeen van ons in 2024 EEN vriendin bring om aan te sluit en dan NOG een gedurende 2025 – kan ons ledetal met die volgende Beraad aansienlik anders lyk as vandag.

7. DIE DAMESKRING SE FINANSIES

Ons organisasie is van ledegeld afhanklik om te kan funksioneer. Dit beteken nie dat DK oor geld gaan nie. Maar ons moet ons verpligtinge kan nakom. Die UB stel jaarliks die begroting met 'n baie skerp potlood op. Vanjaar was ons genoodsaak om die ledegeld te verhoog.

Ek is dankbaar om te kan sê dat ons finansies beter daar uitsien – die onbefondste begrotingsbedrag is vanjaar aansienlik kleiner. Die finansiële borge wat hierdie termyn verkry is, het die druk baie verminder. My dank aan die Finansiële komitee, onder leiding van Stephani Venter, wat sorg dat ons boeke nie te skarlakenrooi daaruit sien nie. Die fyner besonderhede hieromtrent is in haar verslag.

8. SKAKELING MET KULTUURVENNOTE

8.1 Gedurende die termyn het ek besoek afgelê en kontak behou met DK se kultuurvennote. Nuusbriewe word steeds met mekaar gedeel. Ek het ook groeteboodskappe gestuur met belangrike geleenthede, seënwense oorgedra aan die begin van elke jaar en Kersgroete toegewens. Besoeke is gebring aan die Afrikanerbond en Helpende Hand.

8.2 Samewerkingsgesprekke is met dr. Conrad Steenkamp asook die streekbestuurders van die **ATR** gevoer. DK betaal graag ons lidmaatskapsfooi aan hierdie organisasie om die ATR se hand te versterk in die omsien na die belange van Afrikaans. Die Dameskring sien daarna uit om aan **AFRIKAANS 100** se eeufeesvieringe vir die ontstaan van ons mooiste taal deel te neem.

8.3 Die **FAK** is ons organisasie ongelooflik goedgesind en hul ondersteuning met die bied van 'n kantoorruimte in die Erfenisstigtingsgebou beteken vir DK baie. Die persoonlike ondersteuning van dr. Danie Langner, wat altyd DK se belange op die hart dra, is rede tot groot dankbaarheid.

8.4 DK betaal ook jaarliks 'n lidmaatskapsfooi aan die **Erfenisstigting.** Die bewaring van ons kultuurerfenis lê swaar op ons harte en ons is dankbaar oor die rol wat hierdie instelling daarin speel.

8.5 Sedert 2009 is Die Dameskring by die ***ACWW,*** oftewel Die Wêreldbond vir Plattelandse Vroue, geaffilieer. Hierdie wêreldwye organisasie doen ongelooflike werk om plattelandse vroue te bemagtig en om 'n verskil in hul lewensomstandighede te maak. Daarom skroom Die Dameskring nie om hul lidmaatskapsfooi met 'n lekker hart aan hierdie organisasie oor te betaal nie.

Die *ACWW* het gedurende Mei 2023 hul 30ste Driejaarlikse Konferensie in Kuala Lumpur, Maleisië, aangebied. Ongeveer 500 lede van regoor die wêreld was hier teenwoordig. Tydens hierdie konferensie is Magdie de Kock vir 'n tweede termyn as Wêreldpresident van die *ACWW* verkies. Ons wens haar – as trotse DK-verteenwoordiger op 'n internasionale verhoog - net die mooiste toe vir hierdie termyn

Marinda Schutte (vise-president) en ek het die voorreg gehad om hierdie konferensie by te woon en DK te verteenwoordig. Dit was met genoegdoening wat ons in gesprek getree het met soveel as moontlik konferensiegangers en met trots vertel het van die werksaamhede van Die Dameskring.

Kontak is ook gemaak met verteenwoordigers uit Namibië, Kenia en ander lidorganisasies in Suid-Afrika. Handleidings van die Waardeprojek is aan hulle geskenk. Hierdie bande sal in die komende termyn versterk word – veral met die oog op die uitbreiding van die Waardeprojek.

Die verslag wat ek namens DK ingedien het tydens hierdie konferensie is hierby aangeheg as Bylaag 1.

9. PROJEKTE

Ons nasionale projekte het ten doel om die doelstellings van DK te vergestalt:

- Die praktiese uitlewing van Christenskap
- Die behoud en versterking van die gesin
- Die bevordering van die belange van die Afrikaanssprekende gemeenskap, sy kultuur, waardestelsel, taal, geskiedenis en tradisies
- Die bemagtiging van die vrou
- Die aktiewe bevordering van menseverhoudings en die sinvolle naasbestaan van alle inwoners van die Republiek van Suid-Afrika

9.1 Waardeprojek

Hieronder val ons vlagskip Waardeprojek onder die passievolle leiding van Riana Conradie as Waardekomiteevoorsitter. Haar terugvoer is telkens "*ons is besig met die regte dinge – want dit is so geseënd!*" Die Uitvoerende Bestuur is opreg dankbaar dat hierdie projek werklik besig is om sy vlerke wyer te sprei. Ons droom is om weer waardes onder ons kinders te kweek, sodat dit in gemeenskappe kan vestig en uiteindelik ons geliefde land kan omkeer.

Die Engelse vertaling van die handleiding as *Morals for Minors* het die reikwydte van hierdie projek vertienmenigvuldig. Die vertaling van die handleiding in ander Afrikatale is steeds op die tafel.

Dit is belangrik om te noem dat die Waardeprojek finansieel onafhanklik van Die Dameskring funksioneer. Daar word baie noukeurig boek gehou van die fondse wat deur DK bewillig word vir die druk van elke nuwe oplaag. Selfs die rente wat DK hierop sou verdien, is bereken. Met die verkoop van die handleidings word hierdie skulde stelselmatig gedelg.

Die *Bright Stigting* ondersteun hierdie projek finansieel. Dit het tot gevolg gehad dat die Waardekomitee elke geleentheid kon aangryp om:

- werkwinkels te hou,
- die projek op verskillende plekke te bemark,
- die hulpmiddels en advertensiemateriaal hiervoor te ontwikkel,
- handleidings te borg waar nodig.
- Verdere borgskappe is met die Rupert Studietrust, die Hannelie Rupert Gedenkfonds en die Dagbreektrust bespreek.

'n Paar potensiële samewerkingsgeleenthede, onder andere met die VVA, is bespreek.

Daar word ook tans beplan en geskryf aan ’n werkboek vir kleuters, asook ’n lesplangids vir onderwysers wat hand-aan-hand gaan met die Waardehandleiding. Dit het ten doel om die aanbied van die vaslegging van waardes onder kleuters so maklik as moontlik te maak.

Karin Stoffberg gee in haar verslag meer in diepte terugvoer oor die aantal werkwinkels en dan daarmee saam die hoeveelheid kleuters wat hierdeur geraak kan word.

9.2 Biddag vir gesinne

Hierdie projek was die droom van ons vorige President, Coreen King. Die Biddag vind sedert 2020 jaarliks op die tweede Sondag in Mei plaas. Dit val gewoonlik saam met Internasionale gesinsdag. Die doelwit dat ouers en kinders saam bid tot God, pas 100% in by DK se missie om die gesin te versterk. Gedurende die afgelope termyn is daar ’n amptelike dokument hieromtrent opgestel wat al die nodige inligting en die doelwitte uitspel. Takke gebruik hierdie dokument om hul plaaslike kerke te nader en die Biddag word toenemend op sinodale kalenders en op dié van gemeentes geplaas. Vanjaar se dokument sluit ook voorstelle van kinders in waarvoor gesinne moet bid.

9.3 Taal van my hart

DK het vanjaar met ’n eie Afrikaanse projek begin. Hierdie projek het twee afdelings gehad:-
’n **Leesaflos** in samewerking met LAPA-uitgewers. Hiermee moes takke hul eie inisiatief gebruik, boeke aankoop, die geleesde boeke aanstuur na ander, skenk vir biblioteke, skole, aftreeoorde. Die gedagte was dat hulle saam met die pakket ook ’n kinderboek aankoop en voorlees vir kinders - hetsy by kleuterskole, dagsorgsentrums of kinderhuise. So wil ons graag die liefde vir Afrikaanse stories en lees vestig. Dankie aan die takke wat ingekoop het by hierdie projek. Ons hoop om dit in 2024 verder uit te bou.

Die **Heeljaarpret** met Afrikaans het inderdaad baie pret in takke veroorsaak. Hierdie onderlinge aanlynkompetisies is fluks en baie kreatief ondersteun.

Hiermee saam het DK se eie hutsmerk **#DKHartstaal** die lig gesien.

9.4 Die Koöp

Die Uitvoerende Bestuur is ongelooflik trots dat die droom van ’n aanlyn winkel vir DK gedurende ons termyn gemanifesteer het as *Die Koöp*. Ons opregte dank aan Karin Stoffberg wat hierdie grootskaalse projek geïnisieer en tot stand gebring het. Die gedagte was om vir die organisasie ’n alternatiewe inkomstebron te vestig. Meer hieromtrent in die Bemarking- en Projekkomitee se verslag. (Ek is nie aldag seker hoe bly Karien in die kantoor hieroor is nie. Ons is nog besig om te spaar vir ’n behoorlike kas om al die produkte in te stoor, en tans lyk haar kantoor soos ’n negosiewinkel!)

Die aanlyn winkel het in die **Kersmark** ook ’n fisiese teenwoordigheid gekry. Ons opregte dank aan die Voortrekkermonument wat aan ons die geleentheid bied om jaarliks tydens die Gelofteweek ’n mark aan te bied. Behalwe vir die bykomende inkomstebron, bied dit ook aan DK ongelooflike bemarkingswaarde.

9.5 Beursfonds

Met Die Dameskring se eie Beursfonds poog ons om ’n bydrae te maak tot ons jongmense se toekoms. Die aantal beurse wat toegeken word, word bepaal deur die bydraes wat spesifiek vir die Beursfonds vrywillig deur takke ingesamel word.

Beurse word aan DK-lede se kinders en kleinkinders toegeken. Die laaste klompie jare het DK ook ’n beurs aan ’n gestremde student gegee. Karn Botha het hierdie termyn die Beursfonds bestuur en moeite gedoen om na ons Beurshouers uit te reik en ’n pad saam met hulle te stap. Die Administratiewe en Finansiële komitee-verslag bevat meer inligting hieromtrent.

9.6 Veldtog teen geweld teen vroue en kinders

Die UB is baie opgewonde dat die bewusmakingsveldtog teen geweld teen vroue en kinders tydens hierdie Beraad geloods word. Die inligting is in die nuutste uitgawe van die Klits Klets. Hou ook gerus ons sosialemedia platforms dop.

9.7 Virtuele Byeenkomste

Tydens hierdie termyn is daar ’n hele rits virtuele byeenkomste aanlyn aangebied ter ekstra verryking vir ons lede. Takke is aangemoedig om die skakels aan vriende en kennisse aan te stuur. Dankie aan Marinda Schutte en haar komitee wat uitstekende sprekers en aanbieders van kort reekse spesiaal vir DK gereël het. Die UB sou graag wou hê dat meer lede inskakel by hierdie uurlange, uiters opbouende en insiggewende geleenthede. Lees gerus meer hieroor in die Granaat- en Opleidingskomitee se verslag.

9.8 Boekgesprekke

Marinda gaan ook later meer vertel van die boekgesprekke wat sy in samewerking met *Lux Verbi* en NB-uitgewers aanbied. Dit gee aan DK die geleentheid om skakels tot hierdie onderhoude op ons sosialemedia platforms te plaas sodat nie net DK-lede nie, maar ook ’n breër gemeenskap wat lief is vir Afrikaans lees, hierna kan luister. Lede word aangemoedig om hierdie skakels te deel – dit dien ook as uitstekende bemarking vir DK.

9.9 Takprojekte

Kleiner projekte word in takverband aangepak. DK-vroue maak graag ’n verskil in hul omgewing en hieruit volg dat takke op eie inisiatief projekte aanpak om dit wat hul harte raak, en daar waar die nood hoog loop, aan te spreek. Behoeftes verskil van omgewing tot omgewing.

10. GEBIEDSKONFERENSIES

Ná die *COVID*-inperkings het elke gebied Die Dameskring se 55ste bestaansjaar jubelend gevier. DK se LIGVOETS VEERKRAGTIG tema was 100% toepaslik en het vroue aangemoedig om terug te bons ná ’n besondere moeilike tydperk. Dit was ’n baie spesiale voorreg om regoor die land te kon reis en hierdie geleenthede by te woon.

11. BEDANKINGS

Op ’n persoonlike noot wil ek alle eer aan ons Hemelse Vader gee – vir die energie, insig en vir die geleentheid om die afgelope twee jaar in hierdie amp te kon dien. Ek voel verryk en bemagtig.

Dit was ’n groot voorreg om saam met ’n ster-UB-span Die Dameskring te lei. Julle is ’n ongelooflike groep vroue. Dankie vir elkeen se rol in my lewe, vir die kosbare vriendskapsbande wat gesmee is, vir die deurentydse ondersteuning en veral vir julle gebede. Om nie te praat van diegene wat gereeld kontak gemaak het wanneer ek soms stil raak, my herinner het om die lekkertes te onthou, en ander wat net moes luister – al was dit diep in die nag.

Dankie aan elke oud-president, takvoorsitter en DK-lid vir julle ondersteuning en koestering die afgelope twee jaar. Dankie dat ek enige tyd kon aanklop vir raad, en in baie gevalle, daad. Die hulp verleen strek van profielontledings van ’n nuwe UB-span, om die Grondwet te fynkam om die presiese bedoeling daarvan reg te verstaan, oneindige hoeveelhede proefleeswerk, vir deel van wysheid en lang paaie se saamstap. Vir elkeen wat deurlopend persoonlike boodskappe stuur - julle geloof in my is vir my ’n riem onder die hart.

Ek sou nie hierdie pad kon stap sonder die onvoorwaardelike liefde, geduld en aanmoediging van my man, Anton, en my kinders nie. Dankie dat julle my die tyd en ruimte gun om vir Die Dameskring te waak en te werk.

Hierdie verslag is saamgestel deur:

ELPHI TALJAARD

PRESIDENT: Die Dameskring
2021 – 2023

Goedkeuring van die verslag:

Voorsteller: _____

Sekondant: _____

Geteken te Hoër Meisieskool La Rochelle, Paarl op _____